Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 2 #11 14 April 2013

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Dink aan jou Skepper (oud en jonk) en leef met blydskap

Sing: Ps. 10-2:1,2,3
Geloofsbelydenis
Sing: Ps.33-1:7 (Kinderbegeleiding)
Sing: Ps.119-1:4
Skriflesing: Prediker 11:7-12:14
Teks: Prediker 12:1
Sing: Ps.48-1:5
Sing: Ps.148-2:1, 2, 3,7,9
Amen: Sb.13-3

11:30 English Service

Rev Willem Steyn

Theme: In Christ we are recreated to remain steadfast against temptation
Scripture reading: James 1:12-18 **Focus verse:** James 1:18

18:00 Aanddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Wil jy die Here se liefde hê of verkies jy jou eie mislukkings?

Voorafsang

Tema: Loof die Here van sy Kerk

Lied 475:1-2 Allerhoogste Hemelvader
Lied 486: Bring aan die volke die boodskap
Lied 488:1-5 Helder skyn u lig vir die volke

Sing: Ps 46-2: 1, 2, 3.
Sing: Ps 119-1: 19
Skriflesing: Jesaja 30:1-18
Teks: Jesaja 30: 15-16
Sing: Ps 119-1:20, 23.
Sing: Sb 12-4:1, 2, 3
Amen: Sb 13-1

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

MUSSE VIR DIE SOPKOMBUIS



As jy kan brei / hekel het ons jou hulp nodig! Ons wil graag in die winter vir almal by die Sopkombuis 'n lekker warm mus gee. Help asb om musse te brei! Skakel die kerkkantoor vir enige navrae. **(Musse uitdeeldatum: 6 Mei 2013)**

Kursus in pastoralebediening

vanaf 16/04/13
Dinsdagaande 19:00-20:00

Het jy al magteloos gevoel omdat jy graag iemand wou bystaan en jy het nie geweet hoe nie?
Hierdie kursus wil jou toerus om met iemand te gesels en te begelei tot oorwinning oor probleme.
Onderwerpe wat onder andere aangespreek word is:

- Bybelse beginsels van pastoralebediening.
- Begeleidingstegnieke.
- Stappe in die beradingsproses.
- Die dinamika van verandering.
- 'n Verskeidenheid pastorale probleme word ook behandel soos depressie, verslawing, mense wat hulleself beseer, eetversteurings.

Die kursus word aangebied as inisiatief van GK Die Bult en GK Cachet en die aanbieders is prof Gert Breed en Dr Frans Minnie e.a. Dit vind plaas by die gemeentesentrum van die GK Cachet in Hoffmanstraat. (Wanneer jy by die NWU se hek in Hoffmanstraat ingaan, eerste straat regs tot in die parkeerterrein, draai regs in die tweede laan van die parkeerterrein en ry tot by palissadeheining waar jy parkeer. Die gemeentesentrum se bord is dan sigbaar). Die kursus is gratis.
Navrae: Gert Breed – 0825796628, gert.breed@NWU.ac.za
Skryf asb u naam op die lys in die voorportaal.

Liefdegawes by die deure

14 April
Oggend: Ekumenisiteit (Buitelands)
Aand: Meelewingsfonds
21 April
Oggend: Emeritaatsversorging
Aand: Gesamentlike Jeugbediening
28 April
Oggend: Teologiese Studentekas
Aand: Bediening in Pemba (Mosambiek)

Baie dankie aan die anonieme suster vir die skenking van R2060-00. Hiermee is die blad in die kleuterbedieningslokaal gemonteer.

Gesamentlike diens - Ons beurt!

Volgende Sondagaand se gesamentlike diens is ons gemeente se verantwoordelikheid en dus ook ons beurt om die mense met verversings te bederf. Enigeen wat kan help met koppies en eetgoed regsit voor die tyd, met die bediening of weer die opwas, kan asb. net vir Hanlie of Judie laat weet. Ons het regtig 'n klompie hande nodig. Ons sal nog mense kontak oor die eetgoed.

Die Engelse diens gaan van die 21e April af ook tee skink na hulle diens. Dit is daarom nie nodig om die teetrollie te bêre nadat daar vir die Afrikaanse diens geskink is nie.

Teeskinkbeurte

14 April
KG 17 (Elaine Oosthuizen) & Wyk 22 (Ina Hoogenboezem)

21 April
KG 19 (Corlene le Grange) & Wyk 24 (Ingrid de Jong)

28 April
KG 20 (Maretha Pelser) & Wyk 26 (Maritha de Jager)

Baie dankie!

G5 Sake Sake Sake

G5 Koffiekamer is weer oop. Kom maak Woensdag- en Sondagaande 'n draai en geniet 'n lekker beker koffie saam goeie geselskap. Sien jou daar.

Daar is skietlyste in die westelike portaal om die G5 koffiekamer te beman op Woensdag- en Sondagaande.

Getuienis

"Ek kan sien watter impak G5 in die gemeenskap het. Kan nie wag vir die studiesentrum om weer oop te maak nie. G5, dankie vir dit wat julle doen." - Soetdorings inwoner

Kursus in pastoralebediening

Het jy al magteloos gevoel omdat jy iemand wou bystaan, en nie geweet het hoe nie?
Kom loop 'n kursus in pastorale-bediening wat deur prof Gert Breed en dr Frans Minnie aangebied word. Dit is gratis!
Meer inligting op bladsy 2.

Praat saam @ G5

Die verhouding tussen geloof en wetenskap. Kom luister saam na 'n debat tussen prof. John Lennox (wat verlede kwartaal in Potch opgetree het) en prof. Richard Dawkins (skrywer van *The God delusion*). Woensdag 17 April om 19:00 in die koffiekamer.

Bid saam @ G5

Ons gebedsgroep kom Vrydagoggend 06:30-07:15 vir die eerste keer bymekaar by die koffiekamer. Kom bid saam met ons vir ons gemeente en ons gemeente se bediening binne die koninkryk van die Here. Almal is welkom!

"Blessed is the man who calms before the storm ends" Eugene Coetzer

OORWINNINGSFEES

Saterdagaand 20 April om 18:30 in ons kerkgebou

Kom na ons sangfees waar ons tussen Paasfees en Hemelvaart die oorwinning van Jesus Christus te vier. Die samesang word afgewissel deur die sopraan Antoinette Olivier, Molen Korus onder leiding van Lorette du Toit, instrumentaliste soos Human Coetzee en Anja Viljoen, en begeleiding deur die trompetspeler Simon Korb en orreliste Jetty van Rensburg en Annatjie Verhoef. Suzette en Cecile Eloff sal die voorlesings doen.
'n Sagte kollekte sal gevra word. Die opbrengs gaan ten bate van die Reddersburgse Kinderhuis.

Verjaarsdae

Maandag, 15 April
Poen Coetzee
Kleingroep 13 082-474-4538
JP Grobler 18
Wyksgroep 27 072-041-3267
Marthie Lessing
Wyksgroep 03 018-294-3582
Jeanette Oosthuizen
Wyksgroep 22 072-997-1447
Pierre van Rensburg 20
Wyksgroep 28 083-680-6514

Dinsdag, 16 April
Henri van Rensburg
Wyksgroep 28 076-150-0194

Woensdag, 17 April
Johan Smit
Wyksgroep 31 084-585-3976
Hennie Venter
Wyksgroep 24 083-630-0201
Marieta Venter
Wyksgroep 30 072-758-2641

Donderdag, 18 April
Marianne Pretorius
Wyksgroep 20 072-595-8930

Vrydag, 19 April
Christiaan Schoeman
Wyksgroep 20 084-209-0187

Dankie vir die Sustersaamtrek

Ons hier van Klerksdorp-Noord se kant wil net vir julle baie, baie dankie sê vir 'n heerlike oggend saam met julle. Dit was vir ons so lekker. Ons is so jammer vir al die susters wat nog nooit 'n saamtrek bygewoon het nie! Hulle weet voorwaar nie watter wonderlike geleenthede hulle mis nie. Dit is 'n voorreg om saam met susters in die geloof so 'n heerlike dag te geniet!
Santie het ons almal in trane gehad want elkeen van ons kon haar hartseer en vrees verstaan. Dit kon net sowel een van ons gewees het.
Julle eetgoedjies van die oggend was heerlik. En net toe ons dink dit is die beste, toe kom die middagete.
Watter fees was dit nie! Ek self het van als probeer proe maar daar was so baie. Vir my is die etery altyd 'n hoogtepunt en julle ete was 'n treffer.
Ons het so lekker gekuier met al die bekendes dat ons amper nie wou huis toe nie.
Nogmaals baie dankie.
Ons bid julle baie seën toe op julle werksaamhede by julle gemeente.
Bets de Lang

Die Gereformeerde Kerk Potch-Suid nooi almal hartlik uit na hul Basaar. Kom doen u vleisaankope daar en koop sommer iets lekkers vir Saterdag middagete !

Wanneer: 27 April 2013 (Vryheidsdag)
Waar: Potch – Suid Kerkterrein

Kom en geniet dit saam met ons!

Pakkies vir koepelmense

Op Saterdag 18 Mei maak ons pakkies om aan die gemeente in die koepel uit te deel. As jy dalk nou jou kaste regpak, onthou asseblief die mense wat minder bevoorreg is. Veral warm klere, skoene, komberse is hier voor die winter baie welkom. Kom gee gerus af by die kerkkantoor (weeksdae 08:00 - 13:00).

WWESSKAMP

Dié kamp vir werkende wesens en senior studente.

Veertien tot Sewentien JUNIE *tweeduisend en dertien*

Seshonderd en Vyftig rand alle etes ingesluit

R650

Bergventure

(Naby Champagne Castle in die Drakensberge.)

KONTAK

Erna Dreyer
erna@gkrandburg.org.za
of 011 886 0580

Potchefstroomse Mannekoor se 30 jarige Galakonsert saam met Jannie Moolman

Kom geniet die Potchefstroomse Mannekoor op hulle allerbeste saam met Suid-Afrika se mees gewilde tenoor, Jannie Moolman, op Saterdagmiddag die 20e April om 15:00 in die Sanlam Ouditorium by die NWU.

Ter wille van ons talle ondersteuners en vriende is die kaartjies beskikbaar teen slegs R80 vir die algemene publiek en R60 vir kinders onder 14 jaar en senior burgers bo 60 jaar.

Kaartjies is te koop by koorlede of op die internet by TIXA of by die PUK Kunstekantoor (gebou F9) of AJR in die Mooirivier Mall, Protea Boekwinkel of die NWU Skool vir Musiek.

Kompas deur die Donga's

Skoolverlaterskamp - Alle gr10 - 12s

7-12 Julie - R650.00 p.p
ABSA Spaarrekening
Takkode: 335-138
Rek: 9066522601

Meer inligting:
Hardus: 084 983 8714 / JG: 084 906 3732
www.cachetstudente.co.za
Facebook:
Nooitgedacht Skoolverlaterskamp

DATAPROJEKTOR

Die weerlig het 'n paar weke gelede die dataprojektor in die kerk uitgeslaan. Ons sê baie dankie vir almal wat georganiseer en geïnstalleer het aan die nuwe een. Die beeld is sommer nou sommer baie beter.

Meelewing

Ons is dankbaar dat **Melinda du Toit** (082-518-1147) weer tuis is nadat sy 'n terugslag in haar herstelproses gehad het. Ons bid dat dit van nou af net beter sal gaan;

Jan Geertsema (083-271-6570) ondergaan DV Dinsdag 'n Prostatektomie in Pretoria. Ons bid hom en Ans die Here se seën toe met die operasie en die tyd van herstel daarna;

Ons is bly dat dit beter gaan met **Nico van der Merwe** (082-344-8316) wat gedurende die vakansie in die hospitaal was;

Bernie Jooste, seun van **Theo** en **Ena** (072-978-2860), lê ernstig siek in 'n kliniek in Rosebank. Sy breinstam is ernstig aangetas en daar word gedurig toetse gedoen. Ons vra die gemeente se voorbidding in hierdie moeilike tyd vir die gesin in Sekunda en ook vir die res van die familie.

Baie geluk aan **Imke de Kock** (076-570-3825) wat die afgelope vakansie tydens 'n wêreldkampioenskap in Amerika 'n silwer en bronsmedalje verower het. Ons is trots op jou!

Welkom hier!



Laura Kruger
082-711-1717

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Gesamentlike Jeugaand en erediens by Die Bult gemeente op Sondag, 21 April

Gesamentlike Erediens
Ons sien uit na ons volgende gesamentlike erediens om 18:00 by Die Bult. Ds Willem Steyn lei die erediens. Die volwassenes het dus genoeg tyd om eers die kinders om 17:45 by die saal af te laai.

Jeugbediening 17:45
Laerskooljeug.
Ons laerskooljeug tot gr 6 kom reeds om 17:45 by Die Bult se kerksaal bymekaar om voort te gaan met hulle tema: Soldaat vir Christus. Ons sien uit daarna om al die maats weer daar te sien.

Hoërskooljeug. 17:45 in die koffiekamer van Bult agter die kerksaal.
Na aanleiding van die Jeugsinode wat ons verlede kwartaal gehou het en waar die hoërskooljeug hulle behoeftes uitgespreek het, keer ons terug na 'n aparte byeenkoms vir die gr 7 - gr 12 jeug. Een **van die temas wat hulle self voorgestel is: Ek pas nie in nie....wat nou?** Hierdie tema word deur **Heleen Coetzee aangebied**. Heleen is sielkundige wat baie goeie aanklank by jongmense vind en sy gaan julle begelei om antwoord op hierdie moeilike vraag te vind. Na die tema gaan julle jeugleiers aanwys wat in die toekoms self julle jeugaande gaan reël. Ons sien julle almal daar en bring gerus 'n maat saam wat dalk saam met jou worstel oor jou plek in die lewe.

Ons doen 'n beroep op **ons ouers** om die kinders te bring want uit die Jeugsinode het dit skokkend duidelik geword dat dit dikwels die ouers is wat kinders weerhou van die jeugbediening.